

# St. Mathilda van Sakse

## 14 Maart

(895-968)

Hierdie edelvrou is in die huwelik gegee aan Hendrik van Sakse wat in 919 keiser word van die destydse Heilige Romeinse Ryk. Ná 'n gelukkige huwelikslewe van 23 jaar sterf haar man in 936. Nou breek daar vir haar 'n tyd van groot beproewing aan. Haar twee oudste seuns, Otto en Hendrik, wou albei hul vader as keiser opvolg en daar het jare van broedertwis en onmin gevolg waarin hulle haar probeer betrek het. Sy het haarself al hoe meer begin toespits op 'n lewe van gebed en naastediens en al haar juwele en besittings weggegee. Haar kinders het haar sleg behandel en was woedend omdat sy soveel op die armes uitgegee het. Op 'n tydstip het hulle haar self van haar bruidskat ontneem, maar later het hulle berou gekry en haar weer in haar posisie  herstel. Sy stig 'n aantal kloosters en was lief om in die wonings van die armes in te gaan om te kyk wat hulle nodig gehad het. Toe sy sterf het sy nie eers 'n laken besit wat as lyksgewaad gebruik kon word nie.

© Die Oratorium Uitgewery